



Gelooftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Mediavrstelling

VERLOOP EN BESLUTE VAN DIE VYFDE VOLKSVERGADERING VAN DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA

Die Gelooftevolk is daardie volk wat gekenmerk word en gebonde is aan ons hemelse Vader by wyse van die Skrifte en die daaropvolgende geskiedenis, en ook weens die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, te wete:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880].

1. DIE INVLOED VAN VOLKSGELOFTES OP VOLKSVOORTBESTAAN.

Die voorlegging word met dank aanvaar. Ingevolge die Geloofte van Jan van Riebeeck en metgeselle van 1654, is ons vanaf die begin Gelooftevolk. Hierdie gelofte bind die nageslag daaraan en moet as dank en biddag herdenk word vir die weldade deur die HERE [JHWH] aan hulle bewys. Die Bloedrivier Geloofte bevat 'n klousule* wat van ons verwag om Vader daagliks te smek vir die stigting van dié huis, wat neerkom op die totstandbrenging van 'n Teokrasie waar dit Vader behaag. Hierdie is nog 'n onafgehandelde saak en plaas derhalwe 'n verpligting op elke volksgenoot. Die Paardekraal gelofte bepaal dat die Volk jaarliks die Geloofte van Bloedrivier dáár sal betaal en op 27 Februarie moet die volk as dag van verootmoediging deurbring en die groot dinge wat die HERE [JHWH] op die dag aan die Boere gedaan het, herdenk.

Die nie-nakoming van geloftes is in terme van Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5 'n ernstige oortreding wat die vernietiging van die werke van jou hande impliseer. Ons huidige situasie is 'n direkte gevolg van onder meer ons wanbetaling van al ons geloftes.

Na die slag van Bloedrivier moes die Volk eers hul Republieke deur die onderskeie anneksasies aan Brittanje afstaan omdat hulle vir 40 jaar nie die Geloofte betaal het nie, maar na slegs 2 herdenkings daarvan, en wel gedurende die Volksvergaderings van 1879 en 1880, het ons hemelse Vader hul verhoor en hul Volksregering herstel. Dit herinner aan: Ps.81:14-15 Ag, as my volk maar na My wou luister, Israel in my weë wou wandel! Gou sou Ek hul vyande onderwerp en my hand teen hul teëstanders uitstrek.

* - sien: Die outentieke weergawe van die Bloedrivier Geloofte (1838):

http://www.volksvergadering.co.za/?page_id=931

2. KONSEP STAATSDIENS WETGEWING M.B.T. DIE TE STIGTE HUIS VAN BLOEDRIVIER.

Die konsep Staatsdienswet word met dank aanvaar. Die doel van konsepwetgewing is om wanneer dit Vader JHWH [die HERE] behaag om die Huis van Bloedrivier te stig, sinvolle wetgewing in plek te hê.

Dit herinner aan wetgewing wat aan Israel in die woestyn gegee is, voordat hul die Beloofde Land in besit geneem het. Net soos wat Noag en sy seuns se werk aan die ark op 'n dor aarde vir sy tydgenote onverstaanbaar en 'n bespotting was, kan die daade van die GKK, as voortsettingskomitee van die volksvergaderings, ook dieselfde reaksie uitlok. Hierdie aksies word uitsluitlik in geloof gedoen en is in ooreenstemming met die besluite van die Vegkop Volksvergadering waarin daar besluit is dat: "DIE VRYWORDINGSPROSES VAN DIE GELOFTEVOLK MOET GESKOEI WEES OP DIE GRONDSLAG VAN DIE VOLKSGELOFTES." Hierdie wet vind derhalwe aansluiting by genoemde besluit ter verwesenliking van die onafgehandelde klousule van die Geloof van Bloedrivier – sien: Die vervulling van die Bloedrivier Geloofte: <http://www.volksvergadering.co.za/wp-content/plugins/download-monitor/download.php?id=77>

3. MOSLEM AANSLAG – FISIES SOWEL AS GEESTELIK.

Die vergadering neem met dank kennis van die aanbieding waarin die omvang van die aanslag verduidelik is. Daar word reeds wêreldwyd probleme ondervind met doelgerigte Moslem indringing, wat die implementering van Sharia wette, asook wêreld oorheersing ten doel het. Al hoe meer regerings en bewegings bied weerstand teen hierdie goed beplande aanslag.

Verslag word gedoen oor die hooggeregshof aansoek wat teen die Staat gebring is in terme van verskeie Grondwetlike artikels, waardeur die onreg wat die breë publiek asook die Christen en ander Bybelgelowiges aangedoen word d.m.v. die onbeheersde sertifisering van voedselprodukte, die hoof te bied.

Die sertifisering van voedselprodukte deur onderskeidelik die Moslems, Jode en Hindu's genereer jaarliks triljoene Amerikaanse Dollar vir genoemde godsdienste. Met die aankoop van sodanige produkte befonds Bybel gelowiges tersaaklike godsdienste en oortree hul derhalwe die 2^{de} en 3^{de} Gebooie. In terme van Op.2:12-16 staar onverskilliges vergelding in die gesig [Vergelyk Num.25].

Slegs Moslems en Jode het verdediging aangeteken en die saak nader nou sy finale stadium. Die vergadering ondersteun die huidige offensief. Verdere insae kan verkry word op die facebook groep – Anti-Halaal Christen Koalisie, waar u u ondersteuning kan demonstreer.

4. VOEDSELWETTE

Die vergadering aanvaar met dank die voorlegging waaruit dit duidelik blyk dat hedendaagse voedsel in baie gevalle meer nadele as voordele vir die menslike liggaam kan inhou. Die vergadering ondersteun die versoek dat deskundiges betrek moet word by 'n omvattende ondersoek ter bepaling van wat veilig is om te eet. Daar moet ook aksies gerig word om ongemanipuleerde saad te vermeerder en onder mekaar te versprei. Ons kinders moet van jongs af hieromtrent onderrig word. 'n Werkskomitee word saamgestel en volksgenote is welkom om insette te lewer by adres op briefhoof.

5. GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR GRONDBESIT.

Die vergadering aanvaar met dank die voorlegging waarin dit aan die lig gekom het dat die Koi en die San [Kapöide ras] sover bekend die eerste bewoners van Suider-Afrika was, dat hulle nomadies was en geen vaste grense gehad het nie.

Toe die Europeërs gedurende 1652 voet aan wal gesit het, het hulle die Hottentotte [Koi] en Boesmans [San] aangetref. Die Europeërs het mettertyd hul grense uitgebrei en eers gedurende 1702 Swartes [Negroïde ras] aan die Visrivier teëgekome, waar verskeie botsings en oorloë ontstaan het en

erkende grense vasgestel is deur koloniale regerings. Meer besonderhede van die migrasiepatrone is verkrygbaar in Dr. Schlebusch se publikasie: *Historiese aansprake op Grondgebied in Suid-Afrika: Vestigingsspatrone van die verskillende volke*.

Die Voortrekkers het gehou by hul gedragskode om net grond te beset wat onbewoon was en wat per ooreenkoms verkry is. God het dit so beskik dat die gebiede waarheen die Trekkers verhuis het, telkens ontruim is: Toe hulle ooswaarts uit die Kaap getrek het, het 'n pokkies-epidemie die Hottentotte grootliks uitgewis; en met die Groot Trek was groot dele van die binneland ontvolk as gevolg van die uitwissingsoorloë (Difakane) van die Zoeloes. 'n Groot droogte het ook bygedra tot die dorre land wat hulle ingetrek het. Daarbenewens het die Voortrekkers die gebied bekend as die Republiek van Natal, per skriftelike ooreenkoms met die Zulu's bekom en na afloop van die moord op die Retief-geselskap en die daaropvolgende aanval op die Voortrekkerlaers, die gebied verower met die slag van Bloedrivier en die daaropvolgende optrede. Vier jaar later is dit deur Brittanje geannekseer. Brittanje het ook die ZAR en die OVS geannekseer.

Die 1913 wet m.b.t. eiendomsreg was daarop gerig om die nie-Europese volke van Suid-Afrika se eiendomsreg te beskerm aangesien vindingryker blankes die nie-blanke volke se grond gekoop het, en dat dié volke gevaar geloop het om eiendom-loos te word. Dit was dus 'n beskermings-wet ten gunste van die Nguni's, Sotho's, die Koi en die San.

Die 1936 wetgewing het die versplinterde Swart stamgebiede gekonsolideer waartydens hul nog meer grond ontvang het. Die persepsie wat bestaan dat die blankes die Nguni, Sotho, Koi en die San gronde gesteel het, is uit die lug gegryp. Feit van die saak is dat Brittanje groot gedeeltes van Suider-Afrika gekolonialiseer en geannekseer het en mettertyd van daardie gedeeltes aan belangstellendes verkoop het. As die huidige bestel 'n saak wil uitmaak moet die Britte dus daarby betrek word, ook aangesien die Unie-regering ten tye van die maak van genoemde wette onder Britse gesag was. Brittanje het ook die Apartheidsbeleid geïnisieer deur Botswana, Lesotho en Swaziland aan daardie onderskeie volke af te staan.

Gedurende die tydperk van afsonderlike ontwikkeling het blankes 53,08% van die grond besit en nie-blankes 46,92%. Behalwe vir die baie vrugbare gebiede met hoë reënval, het die nie-blankes se gebied ook daardie gedeeltes ingesluit wat Brittanje aanvanklik eensydig aan die swartes toegeken het. Blanke grond het weer minder vrugbare gedeeltes soos die Karoo en groot gedeeltes van die Kalahari ingesluit. Staatsgrond, munisipale eiendom, myne en natuurreserve was ook as blanke grond bereken wat meebring dat die blanke boere minder as die helfte van die totale oppervlak besit het. Om sake te vererger is ongeveer 250 Karooplase se voortbestaan tans in gedrang omdat dit die onderwerp vorm van geldmag gedrewe eise om hydrobreking toe te pas in 'n soektog na skalie-gas. Ongeveer 20% van die totale oppervlakte van die RSA (RSG, Prof. Kobus van der Walt, 26 Oktober 2013, 06h45) word bedreig. Die regering oorweeg ook verskeie grondhervormingsplanne wat waarskynlik slegs nadelige gevolge vir die blanke boer gaan inhou.

Die vergadering besluit dat tersaaklike meningsvormers, leerskole, staatsdepartemente en die georganiseerde landbou hieroor ingelig moet word. Die morele basis vir die huidige Grondhervorming word hiermee in twyfel getrek.

6. KOLLEKTIEWE LANDBOUGEMEENSKAPPE

Die vergadering neem met dank kennis van die voorlegging vanuit Dr. Willem de Waal se boek getiteld: *Waar sal ons hulp vandaan kom*. Dit handel hoofsaaklik oor verskeie Joodse kollektiewe landbou-gemeenskappe wat 'n bydrae gelewer het tot die Jode se besetting van Israel sedert die laat 19de eeu. Dit bring ook die finansiële, maatskaplike en sosiologiese voor- en nadele van elke model aan die lig. Die inligting kan handig te pas kom in die ontwerp van modelle vir toekomstige gebruik in ons huidige situasie. 'n Belangrike Bybelse beginsel is ook hier ter sprake, nl. die hantering van welsyn in die kleiner gemeenskap.

Die laer-trek gedagte van ons voorsate herinner sterk hieraan, met die verskil dat daar destyds 'n braak land was wat hulle ingetrek het en wat ontwikkel moes word, waar ons nou 'n braak volk is wat behouer moet word. 'n Werkskomitee kom tot stand en volksgenote is welkom om insette te lewer.

7. VOLKSEIE ARBEID

Die voorlegging word met dank aanvaar. Die Bybelse opdrag dat die gebruikmaking van gelowige volkseie arbeid 'n vereiste en sieraad vir ons hemelse Vader is, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Dit is die enigste wyse waarop volhoubaarheid geskep kan word vir soewereine volksvoortbestaan.

Tit.2:8 Laat die woord gesond en onweerspreklik wees, sodat die teëstanders beskaam kan word en niks slegs kan hê om van julle te sê nie. **:9** Die diensknegte moet onderdanig wees aan hul eie here, hulle in alles behaag en nie teëpraat nie; **:10** hulle moet niks ontvreemd nie, maar alle goeie trou betoon, sodat hulle die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier.

Aansluitend by die leer van God, die volgende:

2Kor. 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? **:15** En watter ooreenstemming het Christus met Béliel, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? **:16** Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. **:17** Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; **:18** en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

Die implementering van Skriftuurlike vereistes m.b.t. arbeidsaangeleenthede gaan nie oornag moontlik wees nie. Dit neem egter nie die noodsaak daarvan weg nie, en is dit elke werkgewer en werknemer se plig om in lyn met die Skrifte te kom – vir die werkgewer om te hunker na volkseie arbeid en vir die werknemer om te hunker na sodanige geleenthede. Die voordeel hieraan verbonde moet nie gering geskat word nie, aangesien ons as volk se bekering van die huidige arbeids-uitkyk nie ongesiens by ons hemelse Vader verby sal gaan nie. Die Engele aanskou blydskap in die troonkamer vir elke bekeerling.

Die daarstelling van geskikte gelowige blanke arbeid vir veral landboukundige dienste moet dringend ondersoek word ter bereiking van die Bybelse opdragte. Die daarstelling van tersiêre fasiliteite en literatuur word in die vooruitsig gestel ter ontplooiing van kontrakteerbare spesialis landboukundige dienseenhede. Volkseie arbeid kan ook 'n belangrike bydrae lewer tot volksveiligheid. Die Apostel Paulus stel eie arbeid by gelowiges as 'n heiligmakingsproses. Dit bring geluk en vrede - 1Thes.4:1-12.

8. VOLKSMOORD ONDER DIE DEKMANTEL VAN KRIMINALITEIT

Die vergadering aanvaar met dank die voorlegging. Opsommend kan gesê word dat die terroristiese verlede en gevolglike mentaliteit van die regering wat sedert 1994 aan bewind is, grootliks bydra tot die voortsetting van die revolusionêre klimaat waarbinne die swart op wit brutaliteit en moorde plaasvind, -meer as 3,100 blanke boere is vermoor waarvan 1,661 gevalle in detail geboekstaaf is.

Die sing van bevrydingsliedere, selfs deur Presidente van dié land, waarin moord op Boere aangehits word, kom neer op haatspraak en moet as 'n beweegrede vir die moorde op veral blanke boere beskou word. Nie alleen is daar nie 'n erns met die bestryding van plaasmoorde nie, maar word dit intendeel aktief aangemoedig deur Pan Afrikanistiese Swart leiers. Mokaba en Malema is bekend hiervoor, maar ook

President Zuma is op video vasgevang waar hy voor die ANC kongres sing hoe hy en sy kabinet die blankes gaan doodskiet met hul masjiengewere. Nog voorbeelde kan genoem word. Die PAC het dit bv. ook openlik gepropageer. Die moord en marteling van Blankes deur Swart bendes, is dus 'n direkte gevolg van aanstigting deur Pan Afrikanistiese leiers en herinner aan die Uhuru van Kenya gedurende die 1950's en 1960's, toe die Mau Mau moord en verwoesting gesaai het onder, wat hulle as koloniste bestempel het. Jomo Kenyatta het hom by uitstek beywer vir die verwydering van koloniste uit Kenya - [http://en.wikipedia.org/wiki/Talk:Mau_Mau_Uprising ; http://en.wikipedia.org/wiki/Talk:Jomo_Kenyatta]. Die "*One Settler one bullet*" bevrydingsgesegde herinner hieraan.

Hierdie toedrag van sake het tot gevolg dat daar bykans twee maal meer blanke boere vermoor word as polisielede uitgedruk per 100,000 lede van die bevolking. Die moorde op polisielede is van die hoogste ter wêreld, wat beteken dat om 'n blanke boer in die Nuwe Suid-Afrika te wees, een van die gevaarlikste beroepe op aarde is [Polisie 52/100,000; boere 98,8/100,000].

Daar bestaan 'n onwilligheid by die huidige bestel om hierdie toedrag van sake, wat internasionaal as 'n dreigende volksmoord beskou word [["http://www.genocidewatch.org/alerts/newsalerts.html"](http://www.genocidewatch.org/alerts/newsalerts.html) en ["http://www.genocidewatch.org/southafrica.html"](http://www.genocidewatch.org/southafrica.html)], te erken en daadwerklike optrede daar te stel ter bekamping daarvan. Inteendeel, gedurende 2003 is 'n regerings kommissie afgeskaf wat ondersoek ingestel het na plaasmoorde. Dit het daartoe gelei het dat die plaasmoorde statisties beduidend toegeneem het. Die afskaffing van die Kommando stelsel, sonder die daarstelling van 'n doeltreffende polisie vermoë in die plek daarvan, dra ook by tot die huidige toedrag van sake.

Verder het die nuwe wapenwet geen positiewe bydrae gelewer tot die vermindering van onwettige wapens nie, wat voorgehou is as die hoof motivering daarvan, maar dit het eerder ten doel om die reeds bedreigde blanke deel van die bevolking te ontwapen en weerloos te maak teen onbeheersde kriminaliteit, wat kenmerkend is van die Nuwe RSA. Duisende vuurwapens in staatsbesit word gesteel, soveel so dat selfs die Nasionale weermag [SANDF] nie rekenskap kan gee van vermiste dienswapens nie. Op 1 Maart 2011 word daar aan SKOOR gerapporteer dat die Weermag geen rekenskap kan gee van 82,000 gewere nie - 10,000 van die vloot en 72,000 van die leër. Die Instituut vir sekerheidstudies (Dr. Johan Burger) verklaar op 2 Mei 2012 dat die SA Polisie 2,500 gewere en 200,000 patrone per jaar vermis. Hy maak die stelling dat die polisie misdadigers bewapen deur hierdie diefstalle. Dit kom neer op growwe Statutêre nalatigheid. Daarbenewens word lede van die SAPD by herhaling aan 'n breë spektrum misdaad verbind, selfs op internasionale, ministeriële en kommissaris vlak. Dit is duidelik dat die huidige regering nie haar Grondwetlike plig kan nakom m.b.t. die handhawing van wet en orde en die beskerming van lewe en eiendom nie. Die gevolg is dat veral die blankes uitgelewer is aan moord weens nalatigheid aan die kant van die regering.

Die vergadering se versoek dat 'n handleiding opgestel word waarin wetlike defensiewe optrede in die verband verduidelik word, word aangeneem. Volksgenote moet meer bedag wees op die aanslag en betrokke raak by aanstelling en daarstelling van volkseie arbeid as behoueringsmaatreël.

9. ONDERWYS

Die vergadering neem kennis van die swak toestand waarin ons land se onderwys verval en besluit dat kundiges ingespan moet word om toe te sien dat ons jeug bemagtig word om sinvolle volksvoortbestaan te verseker op beide akademiese en tegniese terreine. 'n Komitee word aangestel.

10. BYBELSE NORME m.b.t. DIE VERASSING VAN GELIEFDES.

Die vergadering aanvaar met dank die voorlegging. Die onskriftuurlik verassing van afgestorwe volksgenote is onteenseglik 'n gruwel in ons hemelse Vader se oë. Volgens aangehaalde Skrif is verassing nie 'n wyse

waarop die mens, wat na die Beeld en Gelykenis van Vader JHWH [die HERE] geskape is, van afskeid geneem mag word nie; ons is immers tempels van die Lewende God:-

1Kor.3:17 As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

2Kor. 6:16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Sekere sondes, soos hoerery en sodomie is met vuur en swael gestraf, waarvan Sodom en Gomorra 'n sprekende voorbeeld is. Verassing van gestorwenes is 'n heidense gebruik, en die Naam van ons hemelse Vader MAG NIE tydens sulke seremonies [begrafnisdienste] vermeld word nie –

Amos 6:10 En wanneer iemand se bloedverwant, die een wat hom wil verbrand, hom optel om die bene uit die huis te verwyder, en aan iemand wat in die agterste vertrekke is, sê: Is daar nog iemand by jou? en hy antwoord: Nee—dan sal die eerste sê: Bly stil, want dit is nie gepas om die Naam van die HERE te vermeld nie!

Volksgenote moet asb. help met die verspreiding van hierdie boodskap sodat hierdie ewel onder die kerke, asook volksgenote se aandag gebring kan word ter beëindiging van die verbranding van die tempels van die Lewende God.

11. RSA VOLKSLIED EN VOORVADERGEES AANBIDDING

Die RSA Volkslied genaamd Nkosi sikelel iAfrika is in der waarheid al vir meer as 100 jaar 'n ANC bevrydingslied wat al vir baie jare met gebalde vuiste gesing word. Die totstandkoming van die Nuwe RSA word derhalwe op amptelike wyse aan die invloed van dié gebed toegeskryf. Dit is in der waarheid 'n Pan Afrika lied.

Maar wie is Nkosi van Afrika? Wat sê Dr. Thakatso Mofokeng. Hy was in 1991 verkies tot aktuaris van die Algemene Sinode van die NGKA. Hy sê: “dat Christus 'n mens met homself versoen. Dit beteken dat Hy die mens van Afrika weer met sy eie kultuur en met sy eie tradisionele godsdiens versoen. Dit het ingrypende implikasies, want tradisioneel is die mense van Afrika deur die grond aan hulle voorvaders verbind want die vaders lê in die grond begrawe. Sonder hierdie verbintenis met die afgestorwenes is die mens van Afrika sonder wortels, sonder identiteit, sonder koers.”

Bybels gesproke versoen Christus die mens met die Hemelse Almagtige God, en nie met 'n gestorwe liggaam in die grond van Afrika nie. Dit is dus voor die hand liggend dat die swartmense nie die God van die Bybel (die God van die witman) aanbid nie. Dit is daarom buite die kwessie dat hulle die HERE [JHWH] aanroep in hul strydlied teen die witman.

Wat sê Nokuzalo Mndende, dosent aan die UK se Departement Godsdienstige Studies, van die swartmense se verering van Christus (Beeld 11/8/1994): “Baie swartmense is miskien in naam Christene, maar nie in die praktyk nie.” Sy sê: “Die Christendom is iets wat swartmense aangeleer het. Tradisionele gelowe is iets waarmee hulle gebore is en waarvolgens hulle leef. Die meeste swart Suid-Afrikaners neem aan een of ander tradisionele geloofsgebruike deel. Waarom vereer ons voorvadergeeste? Daar moet iets goeds in wees. Hoewel die sendelinge probeer het om swartmense te verander om Christene te wees het hulle gefaal.”

Die Inkosi van Afrika is dus 'n voorvadergees, en in terme van Deut.18:9-14 mag die Christen nie voorvadergeeste aanroep nie, wat die sing van die lied vir ongeveinsde Christene verbode maak. Die Nkosi van Afrika kan en het absoluut niks met Christus – die Seun van JHWH [die HERE] te make nie.

Wanneer die gees wat aangeroep word se eienskappe ondersoek word, sien ons dat die lied die openbaring van die Bybel m.b.t. die Heilige Gees loën en dus nie Skriftuurlik is nie. Om dus voor te gee dat tot die Heilige Gees geroep word mag neerkom op laster teen die Heilige Gees wat 'n onvergeefbare sonde is.

Nkosi sikelel iAfrika mag by oppervlakkige beskouing as 'n vrome lied voorkom, maar is nie 'n Skriftuurlike gebed nie. In die lig van die Bybel bring die sing van hierdie volkslied mee dat verbondskinders JHWH (Die HERE) die God van die Bybel verloën deur Afrika voorvadersgees-aanbidding.

Die vertaling daarvan in Engels en Afrikaans is veronderstel om die indruk te wek dat die Christen se God ter sprake is. Indien wel, bly dit vir die opregte Christen 'n gruwel aangesien die drumpel van die Almagtige God [E] van die Christene gelyk gestel word aan dié van die Afrika voorvadergeeste.

Die godsdienstig heterogene RSA bevolking se vereniging in gebed d.m.v. die Nkosi Volkslied, kom neer op die verbreking van die 2de en 3de Gebooië vir die ongeveinsde deel van die Christen bevolking. Christelike deelname aan heidense gebruike is 'n gruwel en strafbaar met die dood – Num.25 en Op.2:12-16.

12. DOBBELARY AS VOLKSONDE.

Die vergadering aanvaar met dank die voorlegging. Dobbelary moet as 'n volksonde beskou word. Die statutêre bevordering en toelating daarvan vergroot die ellende wat daaruit voortspruit.

Die Skrifte waarsku direk teen dobbelary by wyse van die gebruikmaking van die geluksgodin vir eie gewin. Aangesien jy geen ander gode voor JHWH [die HERE] se Aangesig mag bring nie en hulle nie mag dien nie, word die 2de en 3de gebooië daardeur verbreek. Volgens Jes.65:11-12 is hierdie misdaad strafbaar met die dood.

Op sterkte van Eseg.33:1-11 waarsku die vergadering hiermee die volk om hul te bekeer van hierdie volksonde.

13. GESKIEDKUNDIGE EN WETENSKAPLIKE ONTWIKKELING VAN KALENDERS EN ALMANAKKE.

Die vergadering neem met dank kennis van die voorlegging waarin die ontstaan van kalenders vanaf die vroegste tye van die mens se bestaan op aarde visueel vertoon is. Onweerlegbare bewys is gelewer vir die prominente rol wat beide die son en die maan speel in die opstel van kalenders. Die vergadering wys 'n komitee aan wat die kalenders wat sedert die Bybelse tye van krag was en waarvan in die Bybel en tydgenootlike literatuur getuig word, na te vors en aan 'n volgende Volksvergadering voor te lê. Volksgenote wat hierin belang stel en selfs insette wil lewer is welkom om met die komitee in verbinding te tree by vrkomitee@gmail.com.